

Nou op CD-ROM

Kry CD>

Klik hier



Reuse-webwerf

Vir skooltake

Dugeot
se

Mieliestronk.com

Mieliestronk-argief:

+ Esias Bosch (1923-2010)

• Die artikel hieronder oor die gevierde pottbakker-pionier Esias Bosch is 'n paar jaar gelede vir Mieliestronk saamgestel. Bosch is op Saterdag, 24 April 2010, enkele maande voor sy 87-verjaardag aan 'n hartaanval oorlede en is die volgende dag deur vriende en familie gegroet op 'n klipkoppie buite Witrivier, Mpumalanga, waar sy ateljee was. Hy was 'n kankerlyer.



Ons artikel word vanweë sy inligtingswaarde net so behou. Heel onderaan het ons egter enkele paragrawe bygevoeg soos dit verskyn het in 'n berig in Die Burger van 26 April 2010. Die onlangse foto'tjie regs bo van Bosch is ook aan die koerant verskaf.



ESIAS

BOSCH

– vader van Suid-
Afrikaanse
keramiek

Hoofbron vir artikel: ESIAS BOSCH; teks deur Andrée Bosch en Johann de Waal. Uitgegee 1988 deur Struik Winchester, Kaapstad. ISBN: 0-947-43006-7.

HY het niks daarvan gedink om as jong dosent sy potte op 'n kruiebaan deur die strate van Durban te karwei nie. En toe sy departementshoof hom oor sy "onwaardige gedrag" aanspreek, het hy hom goed laat verstaan dat dit mos nie 'n

skande is om te werk nie.

In Londen het weer bitter koue getrotseer -- en raserige treine wat al om die drie minute die vensters van sy klam kamertjie laat rittel het. En wat van die keer in Pretoria toe 'n sak vol klei saam met hom van sy bromponie afgestamp is en die sak gebars het en hy vol wit stof huis toe moes ryloop?



Hierdie staaltjies vertel iets van die kleurryke lewe van Esias Bosch, maar ook van die diepe menslikheid van hierdie groot kunstenaar wat as vader van skeppende keramiek in Suid-Afrika beskou word.

Die doyen? Inderdaad. Hoewel daar van die tyd van die Kompanjie reeds pottebakkers was wat uitstekende funksionele artikels gelewer het, was niemand nog ooit so uitmuntend soos Esias Bosch nie en het niemand nog werklik só 'n erfenis agtergelaat wat ná hul lewe voortgesit kon word nie.

Hy is trouens al as 'n "meester van klei en kleur en een van die min baaspottebakkers ter wêreld" beskryf. Soos een kunskenner dit stel: "As 'n kunstenaar van geweldige integriteit en iemand wie se werk nooit pretensieus is nie, vertoon sy potte 'n integrasie van funksionele en estetiese kwaliteite, waarvan geen aspek ten koste van die ander oorheers nie."

Self sou Bosch erken dat pottebakkers soos Cardew en Raymond Finch hom vroeg in sy loopbaan baie beïnvloed het, maar mettertyd is hy deur plaaslike toestande en materiale genoop om sy eie unieke styl te ontwikkel. Hier het hy sy eie weg gevind om die potensialiteite van sy klei ten volle in sy potte en teëls te ontgin.

Bosch het al in Amerika, Engeland, Italië, Duitsland en België uitgestal. Sy werke pryk in die meeste van die belangrike Suid-Afrikaanse kunsmuseums, asook in oorsese versamelings.

Maar wie is hierdie merkwaardige mens eintlik?

ESIAS BOSCH is op 11 Julie 1923 as plaasseun by die Vrystaatse dorp Winburg gebore -- en kon as kind in sy

landelike omgewing nie veel meer uiting aan sy kunstenaarstalent gee as om besonder mooi klei-osse te maak en die vorms van wolke te bewonder nie. Omdat hy ure lank na die wolke gestaar het, het die plaaslike swartmense hom selfs "Dokter van die wolke" genoem.

Esias was ses toe sy gesin na 'n plaas in die Waterberg-distrik van die destydse Noord-Transvaal verhuis het. Die droogte van 1933 het die gesin gedwing om elders 'n heenkome te soek, eers in Heidelberg en toe in Potchefstroom, waar sy pa in 'n myn gewerk het.

Hy het aan die Hoër Volksskool skoolgegaan, en in sy hoërskooljare het hy vir seker geweet dat teken sy eerste liefde is, hoewel hy nie formele kunsopleiding by die skool kon ontvang nie. Ná 'n onderbreking in sy skoolloopbaan waartydens hy 'n paar maande lank los werkies in Pretoria gedoen het, is hy weer terug Potch toe, waar hy in 1942 gematrikuleer het.

Sy ouers het hul hart daarop gesit dat hy 'n tandarts moes word, maar Esias het spoedig aan die Universiteit van die Witswatersrand besef dat die tandheelkunde nie sy roeping is nie en hom ná 'n week vir die graad B.A. in die skone kunste ingeskryf. Omdat dit toe nog 'n nuwe kursus was, is daar baie op teorie gekonsentreer en die praktiese Esias het ná 'n jaar besluit dat dit baie meer stimulerend sou wees om aan te beweeg na die Johannesburgse Kunsskool. Onder sy tydgenote daar was baie talentvolle studente, soos Zakkie Eloff en andere.

REGS: Esias en Valerie Bosch op hul troudag.

Hy het ook sy toekomstige vrou, 'n medestudent Valerie Verster, hier ontmoet. Bosch sou later vertel hoe hy en die einste Zakkie Eloff in die skool se kafeteria koffie gedrink het toe die mooi jong meisie daar opdaag en sy asem wegslaan. "Kyk, daar loop my vrou," het Esias aan Zakkie gesê. Die liefde het spoedig geblom, maar die lewe sou nog 'n paar draaie met hom loop voordat hy die ring aan haar vinger sou steek -- nogal in Londen.



NADAT hy sy kursus in 1946 voltooi het, is Bosch na Kimberley waar hy kuns aan die Diskobolos-skool vir gestremdes doseer het, nie omdat hy regtig wou nie, maar 'n man moet tog geld verdien om te lewe. Veral die rompslomp in die onderwys en dinge soos dat hy verantwoording moes doen vir elke liewe potlood in die klaskamer, was vir hom 'n pyn.

Dit was toe dat Valerie, wat in Johannesburg gewoon en gewerk het, 'n koerantadvertensie sien oor 'n beurs om in keramiek aan die Central School of Art and Design in Londen te studeer. Esias het aansoek gedoen, die beurs gekry en is teen die einde van 1949 per skip Engeland toe.

In Londen het dit aanvanklik maar broekskeur gegaan. Al wat hy kon bekostig, was 'n klein, klam kamertjie reg bokant 'n besige ondergrondse spoorlyn. Elke drie minute, bedags en snags, het 'n moltrein die vensters van die kamertjie laat tril.

Aan die Central School of Art and Design, waar Dora Billington destyds die hoof van die keramiekdepartment was, sou Esias leer om werklik intens na potte in museums te kyk en nie net vlugtig nie. Hy het honderde tekeninge van potte in die Britse Museum en die Victoria and Albert Museum gemaak en baie ure en die meeste naweke daaraan bestee.

Ná nege maande in die kunsskool het hy aan 'n simpatieke Dora Billington gesê dat hy eintlik 'n pottebakker wou word wees en nie 'n leerkrag nie. Sy het hom in verbinding gebring met Raymond Finch, wat die Winchcombe-pottebakkery van Michael Cardew oorgeneem het. Esias het aansoek gedoen om daar te werk en is aanvaar. Hy het ook die mense wat sy beurs hanteer het, van sy besluit verwittig en hulle het sy nuwe planne aanvaar.

Nou kon Valerie haar uiteindelik by Esias in Londen voeg, al het hy uiteindelik net twee pond en vyf sjielings per week verdien en al moes hy soggens in die bitter koue op 'n ou fiets werk toe ry. Hulle het getrou en in Winchcombe gaan woon, en hul oudste kind, die dogter Esra, is ook in Engeland gebore.

By die pottebakkery het hy lang ure gesloof om die dissipline en die basiese vaardighede van die kuns te bemeester – en geweet dat hy een van die eerste ateljee-pottebakkers in Suid-Afrika sou wees wanneer hy terugkeer. Dit het vir hom baie duidelik geword dat sy toekoms in keramiek lê.

Ná 'n jaar by Winchcombe het Esias besluit om verdere ondervinding op te doen en het hy vir 'n tyd by Michael Cardew se Wenford Bridge-pottebakkery in Cornwall gaan werk. Hier

het hy tydens die groot internasionale oplewing in pottebakkerie met groot name in die bedryf kennis gemaak. Valerie en hul baba is intussen terug Suid-Afrika toe waar hulle op Esias se tuiskoms gewag het.

Hy het ook een dag somer skielik besluit hy het genoeg van die vreemde gehad -- toe die stoel waarop hy gesit het, onder hom breek. Die volgende dag was hy op 'n boot onderweg na Suid-Afrika, met groot drome oor hoe hy sy kennis in sy eie land sou kon benut.

Esias het in September 1952 in Suid-Afrika aangekom, net 'n paar maande voordat hy in Januarie 1953 as hoof van die keramiekdepartement van die Durbanse Kunsskool moes begin. Ingevolge die bepalinge van sy beurs moes hy dié pos twee jaar lank beklee.

Hy sou Durban onthou as die plek waar hy baie hard gewerk het -- en waar hy self pottebakkerie beoefen het, maar ongelukkig moes hy ervaar dat die Durbaniete min belangstelling in sy potte toon. Die mense het naamlik nog op plaaslike vervaardigde produkte neergesien en die ingevoerde Engelse keramiek verkies. Handelaars in Pretoria en Johannesburg het egter meer in sy potte belang gestel en, omdat hy nie anders kon nie, het hy niks vreemds daarin gesien om die potte per kruit na die spoorwegstasie te karwei nie.

'n Departementshoof by die kunsskool het hom egter na sy kantoor ontbied en gesê dit is ongehoord dat 'n dosent van die skool 'n kruit vol potte stoot. Esias het hom laat verstaan dat dit nooit 'n skande is om te werk nie en, buitendien, hoe kan 'n mens pottebakkerie doseer as jy dit nie self beoefen nie? Hy het toe maar net die voorval geïgnoreer en, nadat hy sy verpligtinge ingevolge die beurs nagekom het, met sy gesin na Pretoria verhuis.

Toe hy in Durban gewerk het, het hy 'n klein aalwyntjie op sy potte aangebring. Dit is die enigste identifisiemerk wat Bosch nog ooit op sy werke geplaas het.

MAAR nou het hy 'n pos as deeltydse keramiekdosent by die Pretoriase Kunsskool aanvaar, terwyl hy ook in sy vrye tyd pottebakkerie op 'n perseel in Hatfield beoefen het. Die omstandighede was egter hier allesbehalwe na wense, en op 'n keer het 'n haelstorm al sy ongebakte potte verwoes. Haelstene het op die dak van sy krotterige werkwinkel versamel en begin smelt, en spoedig het water in die plek ingestroom.

'n Ander keer het hy 'n swaar vrag klei agter op sy bromponie

vervoer toe 'n motor hom in spitsverkeer van agter stamp. Hy het in die straat geval en die sak klei het oopgebars en langs hom beland. Wit van die stof en erg gekneus, moes hy huis toe ryloop.

Ondanks al sulke terugslae kon Bosch op 33-jarige leeftyd uit sy pos as dosent bedank en sy droom verwesenlik om net vir homself te werk. En toe hy in 1956 sy eerste uitstalling hou, was dit reeds duidelik dat hy 'n lojale ondersteunerskorps gehad het, al was dié nog klein.

Benewens 'n paar individuele items soos vase, vrugtebakke en 'n aantal geteëlde panele, het Esias meestal huishoudelike ware in Pretoria vervaardig. Maar sy bewonderaars het sy teepotte, koppies en pierings ook om hul skoonheid gekoop, en hy glo steeds dat huishoudelike ware sowel die oog moet streel as funksioneel moet wees.

Dog sy elektriese oond was klein en hy kon dus nie baie groot items maak nie. Hy sou later ook onthou dat erdeware vir hom "te maklik" geraak en hoe hy aangelok is tot die maak van steengoed. Vir steengoed word die kleimassa en glasuur saam by 'n baie hoë temperatuur gebak sodat ineensmelting plaasvind.

MET sy gesin het hy in 1961 na die natuurskone Laeveld verhuis. Hier sou Bosch en sy Valerie -- sy "grootste kritikus" -- met 'n kunsateljee, Die Randjie, op Witrivier begin en hulle op dié skilderagtige dorpie vestig. Dit was 'n uitmuntende skuif, want die plante- en dierelewe en serene kalmte van die streek spreek duidelik uit sy werk. Bosch sou dan hom ook hier op verskillende maniere met groot geesdrif uitleef, sodat daar selfs van verskillende periodes in sy kunsloopbaan gepraat word. Van 1961 tot 1975 het hy hom op steengoed toegelê, en daarna tot 1979 op porselein. Van 1980 af het hy op groot teëls gekonsentreer.

Sy geliefde Valerie het hom in in 1992 ontval. Die Bosch-kinders volg in die kuns-voetspore van hul pa. Die seun Anton is eweneens bekend vir sy keramiekwerk, onder meer die groot muurteëls wat hy maak, terwyl sy suster Esra se keramiek-eetware goed bekend is. Nog 'n suster, Andrée, is 'n skrywer, soos haar man, Johann de Waal. Dié is ook bekende meubelmaker.

Die familie ondersteun mekaar, maar laat genoeg ruimte vir elkeen se individualiteit. Soos pa Esias sê: "Ons werk saam, maar ons kan nie saam bly nie, want ons sal mekaar verrinneweer en verteer!"

As blyk van waardering vir sy bydrae tot die kuns en kultuur, veral as keramiekkunstenaar, het die Universiteit van Pretoria in 1990 sy Kanseliersmedalje aan Esias Bosch toegeken.

Dit is gepas om af te sluit met die volgende uitspraak van 'n kunskenner: In hierdie stadium is dit nog moeilik om Bosch se bydrae tot die Suid-Afrikaanse keramiek werklik na waarde te skat en latere kenners van die kunsgeskiedenis sal dit allig veel beter kan doen. Maar hy het beslis 'n standaard daargestel waaraan alle toekomstige keramiekkunswerke in die land voortaan gemeet moet word.

Byvoeging op 26 April 2010 (uit 'n berig in Die Burger van dieselfde datum oor Esias Bosch se lewe en sterfte):

“Sy loopbaan is gekenmerk deur verskeie kunsfases wat hy kon bemeester. Hy het erdewerk, steenwerk en porseleinkuns beoefen, voor hy met teëlsierkuns begin het.

“Op 80 het hy teruggekeer na verf- en tekensketse. Hy was veral bekend vir sy vermoë om natuurlike elemente akkuraat vas te vang en het in sy laaste jare reusagtige bome geteken. Sy werke is plaaslik en internasionaal versamel.

“Sy muurteëls is onder meer te sien op die O.R. Tambo-lughawe, in die voorportaal van die Vinyard-hotel in Nuweland en die hoofkantoor van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in Pretoria.”

[Klik hier om terug te keer na die inhoudsblad](#)